Sondag 17 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 9:27-34 (AFR53)

Fokusgedeelte: Matteus 9:28-30

## Christus betoon genade aan siekes

Almal van ons weet hoe dit voel om siek te wees. Meeste mense het al 'n soort prosedure wat hulle volg wanneer hulle begin sleg voel. Hulle hou sekere medisyne in die kas wat hulle dadelik gebruik by die eerste tekens van siekte. Siekte kom en dit gaan soos die seisoen, en dit is gou vergete.

Eers wanneer 'n mens werklik baie siek word en die gewone dinge nie werk nie, soek jy jou hulp by God. So was dit met die blindes wat na Christus gekom het en by Hom gepleit het dat Hy hulle sal genees. Hulle kom na Hom wat hulle "Seun van Dawid" noem. Hulle weet Hy is die Messias, die Christus, die Gesalfde van God. Hulle weet Hy is bevoeg om, wat niemand kan doen nie, vir hulle te doen.

"Glo julle dat Ek dit kan doen?" is al wat Hy vra. Hy vra nie geld nie. Hy wil nie eers dat hulle vir almal daarvan gaan vertel nie. Hy wil net hê hulle moet glo dat Hy kan. Dit gaan oor baie meer as net hulle oë wat kan sien as Hy hulle genees. Hy wil aan hulle openbaar dat Hy die enigste een is wat hulle kan help, met meer as net hulle gebrek aan sig. Hy verlos hulle van die dood.

As Christene behoort ons self ook te weet daar is vir ons hulp en genesing en redding by net een, en dit is by Hom wat Christus is. Dit is net sy dood wat vir ons 'n offer was en wat ons voor God heilig stel en dit is net sy opstanding wat vir ons die oorwinning behaal en ons van die lewe verseker. Dit is net sy liefde vir ons wat ons red.

Ons dink nie aldag dat Christus altyd die een is wat ons gesond maak nie, daarom vergeet ons soms ook hoe ons gesond-word ons oë rig op die redding wat Hy gee as Hy vir ons die offer word. Laat elke gesond-word jou laat onthou. Glo jy Hy kan, Hy het en Hy sal jou genees en jou red? As jy dit glo, is jy ook nie meer blind nie.

*Sing: Psalm 103-1:1, 2*

*Ds. HFR (Riekert) Pelser (Kemptonpark)*